IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

ID.32 VOL.359 PG.20 618 - 20 650.

SAAKNOMMER: CC 482/85 PRETORIA

1988-03-04

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 359

(Bladsye 20 618 - 20 650)

COURT RESUMES ON 4 MARCH 1988.

MAMOKHELE MIRIAM SEBETOANE, d.s.s. (Through interpreter)

COURT : We had Miriam yesterday first and Mamokhele second. Now what is correct? -- The correct naming is Mamokhele Miriam Sebetoane.

FURTHER EXAMINATION BY MR BIZOS : You told us about that you were on the committee of MASO? -- Yes.

And you told us that you attended two or three meetings at MASO?

COURT : No, I have it here that she attended, some meetings she did not attend. The meetings were held once per three weeks.

MR BIZOS : How many meetings of this committee did you attend? -- Three or four.

What were the discussions at these committee meetings? -- Mainly about the SRC, the formation of the SRC and the constitution as to how and what could be done in order to have a constitution relating to that.

At these committee meetings, did COSAS come into the discussion? -- Yes.

What was said about that? -- When we were discussing a constitution pertaining to the SRC's, somebody made mention of the fact that COSAS does have a drafted constitution.

Was anything else said about that? -- Yes, a suggestion was made if we were not prepared to join COSAS and form a COSAS branch in Maokeng.

Were the pros and cons of that discussed on your committee? -- Yes.

Were you given anything from COSAS? -- What happened is that a member of our committee with whom we held this

meeting/...

meeting there, made mention of the fact that he was with another friend who originally came from Mangaung and this person made mention of the reasons of COSAS and that is the person who told this member in details as to what COSAS was and further said that this person left some COSAS hats with this members.

ASSESSOR (MR KRUGEL) : Where is Mangaung? -- It is black township in Bloemfontein.

MR BIZOS : Was a decision made as to whether you should form a COSAS branch or not? -- No final decision was taken at this meeting of the committee. What was said was that we are supposed to go and meet with the children, that is the school children in the township. It will be for the children to decide whether they are prepared to join COSAS and form a COSAS branch.

Did that ever happen? -- No.

Do you know why? -- Not very long after this discussion before we could inform the school children about COSAS or the information we got at the meeting, COSAS was banned and therefore there was no point in doing it.

Have you continued living in Maokeng since then? -- Yes.

When did you leave school? -- In 1985.

K1206 KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Ek wil net weet of ek jou getuienis heeltemal reg verstaan. By die geleentheid toe COSAS bespreek sou gewees het, die inligting wat daar gekom het was dat ŉ vriend van een van die komiteelede het inligting gekry - het inligting verskaf aan die komiteelid oor COSAS? -- Ja.

En die vriend sou by die komiteelid ŉ konsep konstitusie van COSAS gelaat het? -- Nee, dit weet ek nie.

Wat/...

Wat het hy by die vriend gelaat, enige dokumente of iets van COSAS?

HOF : Wat het hy by die komiteelid gelaat?

MNR. JACOBS : Ja, wat het hy by die komiteelid gelaat? -- Al wat ek gesien het wat daardie persoon by die komiteelid gelaat het was hoede waarop COSAS geskryf gestaan het.

Die vriend van die komiteelid, kom ons maak dit makliker, wie is die komiteelid? -- George Mokotjane.

Die vriend van George Mokotjane, het hy daardie vergadering van julle bygewoon? -- Nee.

Was daar deur George Mokotjane enige verslag aan julle gedoen wat die doelstellings is van COSAS? -- Nee.

Die konstitusie of die konsep konstitusie wat COSAS opgetrek het, was dit daar op daardie vergadering of was dit by George se huis gewees? -- Hy het dit by sy huis gehad.

En wat het jy geweet van COSAS op daardie stadium? --Al wat ek daarvan geweet het is dat COSAS is ŉ organisasie van skoolkinders in die hele Suid-Afrika.

Is dit al wat jy geweet het? -- Ja.

Jy het nie geweet wat hulle doelstellings is nie? -- Nee, dit het ek nog nie geweet nie.

En na dit het jy gehoor wat is hulle doelstellings of nie? -- Ja.

Wanneer was dit? -- Dit was om en by Oktobermaand.

Na hulle verban was? -- Ja.

Wat was die doelstellings van COSAS? -- Een van die doelstellings van COSAS was dat hulle wou gehad het dat by skole die liggaam SRC moet wees.

Is dit die enigste doelstelling van COSAS was jy geken het? -- Nog wat ek kan onthou was dat die ander doelstelling

was/...

was vir die skoolkinders om "text books" te kry.

Is dit al? -- Dit is wat ek nog kan onthou op hierdie huidige oomblik.

Het jy geweet dat COSAS se doelstelling was om ʼn ander onderwysstelsel te kry? -- Nee.

Of dat hulle hulle beywer het vir die instelling van ʼn "education charter" of manifes, onderwysmanifes? -- Nee, dit het ek nie geweet nie.

Dit het jy selfs nie gehoor na Oktobermaand toe u gehoor het van die doelstellings van COSAS nie? -- Nee, dit kan ek glad nie onthou nie.

En die Oktobermaand wat jy van praat, watter jaar is dit? -- 1985.

So, voor Oktober 1985 het u dan eintlik niks geweet van COSAS af nie? -- Nee.

HOF : Wat beteken nee? -- Ek het niks geweet van die doelstellings van COSAS nie.

MNR. JACOBS : Het jy op die stadium toe julle komiteevergaderings gehou het en besluit het of julle nou en die voorstel gemaak is julle moet by COSAS aansluit of daarna, het u self COSAS as ʼn goeie organisasie beskou? -- Ek sal nie kan sê sonder om presies te weet wat die doelstellings van COSAS was nie.

Het u COSAS ondersteun? -- Nee, ek het nie.

Die UDF, gedurende 1984/85 het u kennis gedra van UDF? -- Ek het van die UDF begin weet in die jaar 1985.

Wanneer omtrent? -- Na ek die persone gesien het met die UDF T-hempies by die begrafnis, het ek begin navraag doen wat UDF was en waarvandaan dit kom.

Het u UDF ondersteun? -- Ja.

Hoe/...

Hoe het u dit ondersteun? -- Ek het dit ondersteun onmiddellik na ek gehoor het dat dit ŉ organisasie was wat teen apartheid is.

Hoe het u dit ondersteun? -- Ek het niks gedoen wat ŉ aanduiding kon gewees het vir mense dat ek dit ondersteun nie, maar dit was binne-in my as ŉ persoon gewees dat ek dit ondersteun het.

Het jy vir UDF beskou as ŉ goeie leermeester vir jou? -- Ek is nie in staat om dit te kan sê nie, want ek het nie alles geweet aangaande UDF nie.

Waar het jy gehoor van UDF toe jy begin navraag doen het? -- Soos ek alreeds gesê het, het ek die eerste begrafnis bygewoon waar ek mense met UDF T-hempies gesien het en na dit het ek toe navraag begin doen.

Ja, maar my vraag is mos maklik. Waar het jy navraag gedoen omtrent UDF? -- Ek het die meeste van die tyd navraag gedoen by die mense wat ek geken het wat koerante lees, mense wat moontlik enige inligting vir my kon gegee het met die kennis wat hulle opgedoen het.

Wie is die mense? -- Dit is baie persone wie se name ek nou nie kan onthou nie.

Jy kan nie een se naam onthou nie? -- Nee.

Nie een enkele een nie? -- Nee.

Die ANC, weet jy enigiets van die ANC af? -- Ja, wat ek in die koerantberigte gelees het.

En Umkhonto we Sizwe? -- Ja.

Wat weet jy van Umkhonto we Sizwe? -- Wat ek in die koerante gelees het aangaande dit is dat Umkhonto we Sizwe is die militêre tak van die ANC.

Keur jy Umkhonto we Sizwe en die ANC goed? -- Wat die

twee/...

twee betref, Umkhonto we Sizwe en ANC, vind ek dit baie moeilik om te kan besluit of ek dit goedkeur of nie.

Hoekom? Of jy keur dit goed òf jy keur dit nie goed nie? -- Ek kan my redes soos volg vir u gee. Ek het die eerste keer gelees van die ANC as 'n organisasie soos enige ander organisasies wat bestaan het en ek het toe later gelees van Umkhonto we Sizwe wat dan die militêre tak was van die ANC en ek het toe verder gelees dat die Umkhonto we Sizwe is geneig om geweld te gebruik en ek stem nie saam met die geweld wat mense gebruik nie. Met die gevolg dat ek dit moeilik vind om te besluit.

Beskou jy nie Umkhonto we Sizwe as jou persoonlike verdedigingsmag nie? -- Nee.

Kan ek net na een ander aspek gaan. Sê vir die hof, die eerste keer toe u van 'n SRC gehoor het, was dit toe hierdie mnr. Mokete Mangope vir u daarvan vertel het? -- Ja, dit is reg.

En wanneer was dit gewees? -- Dit was in die begin van die jaar 1985 want ek en die persoon was studente in dieselfde klas.

As jy sê die begin van die jaar, was dit in Januariemaand, Februarie? -- Soos ek alreeds gesê het, dit was in die begin van die jaar. Ek kan nie met sekerheid vir u sê wanneer dit was nie. Dit kan wees dat dit miskien om en by die einde van Januarie was of die begin van Februarie, in daardie tyd wat die skole begin het.

In Kroonstad, het u ooit daarso enige van hierdie politieke publikasies wat in die gemeenskap uitgedeel word gelees? -- Nee, ek het dit nog nie destyds raakgeloop nie.

Het jy op enige stadium sulke tydskrifte of publikasies

soos/...

soos The Eye, SASPU National, Learn and Teach, Speak, daardie gemeenskapspublikasies daar in Kroonstad gekry en in jou besit gehad? -- Ek het al die Learn and Teach gesien en SASPU National.

Nog? -- Ek onthou net van hierdie twee.

Het jy nog nooit - was hulle daar, dié twee, Learn and Teach, was dit versprei en ook SASPU National versprei daar in die woonbuurt in Kroonstad? -- Nee.

Waar het jy hulle dan gekry wat jy van praat? -- Mokete Mangope het dit vir my op 'n dag gegee.

Het jy dit vir hom weer teruggegee? -- Nee.

Het jy nooit 'n Speak gesien daar in Kroonstad nie? -- Ek kan nie onthou dat ek so iets gesien het nie.

Wanneer was dit toe Mokete dit vir jou gegee het? Kan jy onthou? -- Ek kan nie so goed onthou wanneer dit was nie.

Is dit nie so dat daardie publikasies is vrylik daar verkrygbaar en dat jy dit gelees het en dit is waar jy die foto gesien het van byvoorbeeld beskuldigde nr. 20 om hom te kon identifiseer nie? -- As ek reg onthou het ek beskuldigde nr. 20 se foto in die koerant Sowetan gesien.

Nooit in een van daardie gemeenskaptydskrifte of koerante nie? -- Ek onthou nie dat ek dit in een van daardie tydskrifte gesien het nie. Wat ek wel kan onthou is dat dit die eerste keer was wat ek SASPU gesien het en ook die laaste wat ek SASPU in my hande gekry het.

SASPU, was dit die enigste van daardie koerante of tydskrifte wat jy in jou hande gehad het en gelees het of het jy die ander ook gelees? -- Ek lees baie boeke. Dié is nie net die enigste leesstof wat ek gehad het nie.

Nee, ek praat van daardie gemeenskapstydskrifte of

publikasies/..

publikasies? -- Van dit waarvan ek praat, die SASPU en die Learn and Teach, was dit die eerste en die laaste wat ek ȟ SASPU gehad het met die eerste een wat ek gekry het en Learn and Teach onthou ek dat ek dit heel later gesien het.

Maar u het geen ander van daardie tydskrifte gelees nie of het u? Soos The Eye en Speak en daardie soort nie? -- Nee, ek onthou nie.

Want ek wil dit aan u stel as daardie tydskrifte daar gesirkuleer is in daardie gebiede, dan sou jy daarvan gelees het van COSAS en die SRC's en dat COSAS hom beywer om SRC's te kry en dan sou dit nie die eerste keer gewees het dat jy daarvan by Mokete gehoor het nie? -- (Getuie talm om te antwoord)

Wat antwoord jy nou? -- Wat ek kan sê is dat al het ek van hierdie tydskrifte gekry, dié wat ek van gepraat het wat ek gekry het, het ek dit nie deurgelees, al die blaaie daarvan gelees nie, want ek was op skool gewees. Ek het ander werk gehad om te doen. Dit was my skoolwerk. Met die gevolg is dat ek nie kan sê dat ek die twee tydskrifte deurgelees het nie.

Maar dit is baie eienaardig, want nou-nou toe ek vir jou gevra het, toe vertel jy vir die hof hoe baie boeke lees jy? Nou kom jy en jy sê jy het nie tyd om te lees nie. Wat is nou die waarheid? -- Nee, nee, ons verstaan nie mekaar nie. Ons praat hier van SASPU National. Dit is ȟ koerant. Learn and Teach is ȟ tydskrif. As ek lees praat, praat ek van die boeke wat ek lees.

Is dit jou handtekening wat op hierdie dokument voorkom? Die dokument is ȟ kwitansie? -- Ja.

En dit is ȟ kwitansie van dokumente wat by jou gevind

was/...

was. Is dit reg? -- Ja.

Op 28 Augustus 1985? -- Ja.

Onder andere item 4 op daardie inventaris is ħ Speak wat by jou gevind is van Maart 1985. Is dit reg? -- Ja, ek onthou dat ek in antwoord gesê het dat ek nie kan onthou dat ek dit gelees het nie, maar ek onthou van hierdie spesifieke twee wat ek gesê het.

Hierdie Speak was by jou gekry. Is dit reg? -- Ja, dit is reg.

Waar het jy aan hom gekom? -- Ek kan nie so goed onthou waarvandaan ek dit gekry het nie. Ek dink amper dat een van my vriende dit vir my gegee het. Ek kan nie presies onthou hoe ek dit in die hande gekry het nie.

Hoekom het jy dit gehou? -- Ek het dit seker maar net so gehou daar met die ander boeke wat saam daarmee gevind was.

Op bladsy 10 daarvan is daar ħ groot foto van beskuldigde nr. 20 en is dit waar jy hom in die koerante gesien het? -- Moontlik het ek hom ook op hierdie foto van hierdie koerant gesien, want dit is maar ħ groot foto. Daar is geen manier waarop ek dit kon gemis het nie.

U edele, ek vra verlof om die inventaris in te handig as BEWYSSTUK CA27.

<u>HOF</u> : Wel, is dit nodig dat ons die dokument inhandig? Is daar nog goed op wat u van belang ag?

<u>MNR. JACOBS</u> : Hier kom ħ belangrike ding wat ek wil inhandig, spesifiek gaan ek dit inhandig.

<u>HOF</u> : Wat daaruit voortvloei?

<u>MNR. JACOBS</u> : Dit is reg.

<u>HOF</u> : Ja. Wat word dit dan?

MNR. JACOBS : Die tweede item op daardie inventaris ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Ekskuus, CA27.

MNR. JACOBS : Dit is ŉ handgeskrewe stuk wat deur jouself geskryf is. Is dit reg? -- Ja, dit is ek wat geskryf het want daar staan my naam op.

Onder aan staan "Real name Mamokhele Sebetoane 1357 Seeisoville, P.O.Lengau lyk dit 9503." Is dit reg? -- Ja, dit is.

En daar onder staan ook "African Queen Kroonstad." Is dit jou bynaam? Is jy bekend as die "African Queen" in Kroonstad? -- Nee, ek noem myself so.

En hierdie is ŉ toespraak wat jy gelewer het. Is dit reg? -- Nee.

Kom ons kyk wat het jy hier geskryf.

HOF : Gaan dit?

MNR. JACOBS : Ek gaan vra dat hy ingaan.

HOF : BEWYSSTUK CA28.

MNR. JACOBS : "It is time now that the world must deal severe with the South African government." Is dit wat jy geskryf het? -- Ja.

Met ander woorde, daar moet opgetree word volgens jou teen die Suid-Afrikaanse regering? -- Ja, dit is wat ek hier geskryf het.

"I think it is now using force to rule neighbourings countries." Is dit reg? -- Ek onthou dat toe ek dit so geskryf het en dit oorgedra het, was dit in die tyd wat een van die lande, ons buurlande, aangeval was.

Waar het u dit oorgedra? U sê toe u dit geskryf en oorgedra het? Waar het u dit oorgedra? -- Nee, ek het dit vir

myself/...

myself geskryf het. Ek is 'n persoon wat baie skryf en dit is my gewoonte om dinge vir myself te skryf.

Jy kry baie geleentheid om te skryf, maar nie baie geleentheid om te lees nie? -- Ek het baie tyd om te lees en te skryf.

"I think Reagan administration has done nothing by just calling Herman Nickel. They must do more. I think it is time now. Buthelezi must face the truth with both eyes widely open." Wat is die "truth" wat Buthelezi vierkantig in die oë moet kyk? -- Ek kan nie onthou wat ek in gedagte gehad het wat ek na verwys het wat hy na met oop oë moet kyk nie.

"He is busy saying that he is not working hand in hand with the boers, but yet he is. For example every time a member of any organisation is taken by the police (I have experienced this) for questioning, they will try to convince him that Inkatha or Buthelezi is our real leader. Why only him? No, I would not ever trust anyone who is not a man of his word. My leader is Mandela." Is dit korrek? -- Ja.

En jy is ook bewus hy is die ANC leier? -- Ja.

En dan sê jy "My defence force is Umkhonto we Sizwe." Is dit korrek? -- Ja, dit is hoe ek dit geskryf het.

So, jy is 'n goeie ondersteuner en jy weet waarvoor Umkhonto we Sizwe staan en jy ondersteun hom? -- Ek weet goed waarvoor Umkhonto we Sizwe staan. Dit was nie eintlik dat ek hier gesê het dat ek dit ondersteun nie, maar dit was net dat ek dit geskryf het om dit volledig geskryf te hê.

Wat wou jy nou volledig geskryf hê daaroor? Wat wou jy nou volledig uitgebring het deur te sê "My defence force is Umkhonto we Sizwe? -- Na aanleiding van wat ek in die koerantberigte gelees het, dat Mandela die leier was van die ANC en Umkhonto we Sizwe 'n militêre tak is van die

ANC, met ander woorde dit beteken die twee dinge loop saam.

En dit is vir jou persoonlik "my defence force is Umkhonto we Sizwe"? -- Ek sien geen verskil daar nie, want ek het dit daar geskryf omdat dit altyd saam loop met wat ek al vroeër daar genoem het en alles wat daar bevat word is duidelik dat dit deur my geskryf is. So, ek is die skrywer daarvan.

En wat jy aanhang? -- Ja, volgens my siening aanhaal.

Aanhang? Ondersteun? -- Nie soveel ondersteun nie.

Maar hier sê jy self dat jy persoonlik ondersteun dit? -- Ek erken dat ek die skrywer is van wat daar geskryf staan en ek sê wat ek daar geskryf het loop saam met dit wat gesê word, in die sin Umkhonto we Sizwe en die ANC loop saam en dit is wat ek daar sê in hierdie geskrewe notas en om dit te sê is nie met die doel dat dit nou beteken dat ek sterk ondersteuning daaraan gee nie.

Maar ek verstaan nou nie, want u het hier baie persoonlik sê u dat u leier is Mandela, u "defence force", verdedigingsmag is Umkhonto we Sizwe en dan is daar 'n verdere een, u skoolorganisasie is COSAS? -- Ja, soos ek alreeds vroeër gesê het, dat ek dit geskryf het vir myself. Met ander woorde, ek kan u nie blameer as u sê u het dit nie verstaan nie, want dit was vir my bedoel en nie vir iemand anders om te verstaan wat ek daarby bedoel het nie.

En dan sê u nog verder "My teacher is UDF"? -- Ja, dit is die volgorde wat ek geskryf het, soos u dit hier kan sien staan.

<u>HOF</u> : Wanneer het u die dokument geskryf? -- Ek onthou nie wanneer dit was toe ek dit geskryf het nie, maar dit was in 1985.

MNR. JACOBS/...

MNR. JACOBS : Dit was lank voordat daarop beslag gelê is ook wat u dit geskryf het? -- Ek onthou nie of dit lank was dat ek dit geskryf het voor daarop beslag gelê was nie.

Ek wil verder lees aan jou, dan sluit jy hom af met "Viva comrades." Met ander woorde, u spreek kamerade aan, "Viva kamerade"? -- Nee, ek herhaal weer my antwoord. Alles wat daar bevat word het ek vir myself geskryf en vir niemand anders nie.

HOF : Wat beteken "Viva comrades"? -- As ek reg onthou beteken "Viva" dat ŉ persoon lank moet lewe.

En "comrades"? -- "Comrades" was in daardie tyd gebruik toe baie mense mekaar "comrades" genoem het.

Watter mense? -- Baie mense in die algemeen. As jy mense raakgeloop het in daardie tyd sou jy gehoor het dat die mense mekaar so noem.

Wie het u nou aan gedink? -- Ek het aan die swartmense gedink.

Al die swartmense? -- Ja.

Ek wil u net ŉ vraag vra oor ŉ deel wat hoër op staan. "These boers", in die middel staan"Working hand in hand with these boers." Na wie verwys u daar? -- Dit is ŉ woord wat in die algemeen gebruik word met verwysing na die Afrikaners, witmense.

Na die witmense wat Engelse insluit of na die Afrikaners wat witmense is? --Die witmense.

Nie die Afrikaners nie? -- Wat my betref is hulle dieselfde. Afrikaners of Engelssprekende mense, vir my, as hulle wit is, is hulle vir my net dieselfde.

MNR. JACOBS : Ek wil met u verder gaan met hierdie dokument. Die feit dat u Buthelezi hier uitsonder, is dit waar u

hierso/...

hierso na hom verwys, beskou u hom ook dan as "puppet" omdat hy saam met die witmense werk? -- Hy is eintlik nie ʼn persoon waarvan ek gehou het nie. Ek hou nie van hom nie. Die rede daarvoor is dat ek onthou van ʼn geval waar hy by my woonbuurt mense kom toespreek het daar en dinge gesê het van die witmense en dan later het hy weer iets anders gesê wat eintlik nie strook met wat hy vroeër gesê het in sy toespraak aan my mense nie. Daar het hy aangedui, hierdie keer, dat hy van die witmense hou.

En jou grief is onder andere ook omdat hy saam met die boere, of soos dit hier genoem word "boers" hand aan hand saam werk? -- Volgens my siening, die meeste tye wat ek geluister het toe hy praat, hy stem saam met wat die witmense sê.

En jy stem nie daarmee saam nie? -- Glad nie.

En daarom is jy teen die witmense en die regering? -- Nie soveel teen hulle nie, maar teen wat hulle doen.

En daarom is jy meer vir die ANC en Umkhonto we Sizwe? -- As ek reg onthou, alles wat ek hier gesê het, het ek nêrens gesê dat ek dit ondersteun nie.

<u>HOF</u> : Dat u wat ondersteun nie? -- Dat ek die ANC of Umkhonto we Sizwe ondersteun nie.

<u>MNR. JACOBS</u> : Maar dit staan dan hier. "My defence force is Umkhonto we Sizwe" en jou leier wat jy erken wat die leier van die ANC is sê jy is jou leier? -- Ek het hier gesê dat die volgorde wat ek hier gevolg het toe ek dit geskryf het, is volgens wat ek gelees het in die koerante in daardie volgorde. So, ek het dit vir myself geskryf.

En waar jy hulle self ondersteun? -- Volgens my siening sê dit nie veel dat ek dit ondersteun of nie.

HOF/...

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

MAMOKHELE MIRIAM SEBETOANE, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Stem u saam dat hierdie dokument, BEWYSSTUK CA28, was gevind in ꞩ kartondoos agter die deur in die sitkamer? -- Ek kan nie meer so goed onthou waar dit gevind was nie.

En saam met hierdie Speak van Maart 1985 was dit daarin gebêre gewees? -- Ek kan nie meer onthou nie.

Op die inventaris het ons daar ꞩ aantekening dat hierdie items was almal gevind daar in die kartondoos in sitkamer agter die deur? -- Daar is niks wat ek ontken met betrekking tot die plek waar die goed gevind is nie. Wat ek sê is, ek kan nie onthou nie.

Maar jy het daar geteken en toe jy dit geteken het, het jy hierdie kwitansie deurgelees en u handtekening daarop geplaas? -- Ek onthou nie of ek gelees het voor ek geteken het nie.

Was jou huis of die huis waarin u woon of u ouers se huis op enige stadium gegooi met ꞩ petrolbom?

HOF : U kan nou nie drie vrae vra nie. As ek reg onthou het sy gesê sy woon nie by haar moeder nie. Dan moet u eers vasstel waar sy woon en dan vir ons vertel watter huis u oor praat.

MNR. JACOBS : Ek is jammer. By wie woon u in Seeisoville? -- By my oupa en ouma wat my groot gemaak het.

En in 1985 het u ook pal daar gewoon by daardie perseel? -- Ja.

Is dit 1357 Seeisoville? -- Ja.

Hierdie betrokke huis, was hy op enige stadium aangeval met ꞩ petrolbom? -- Ja.

Wanneer/...

Wanneer was dit gewees? -- Dit was in Oktobermaand 1985.

Was dit nie vroeër gewees, hier net na die onluste, tussen Februarie en Maart 1985 nie? -- Dit was 23 Oktober 1985.

Was daar enige ander lede van die organisasies waaraan u behoort het daar gedurende Februarie en Maart - lede van daardie organisasies se huise aangeval met petrolbomme? -- Nee, daar was nie.

Het u nie op ŉ stadium SASPU National geskakel en vir hulle inligting gegee oor die gebeure in Seeisoville in Maokeng en die aanval op mense se huise daar met petrolbomme nie? -- Nee.

Was mnr. Bloem se huis aangeval met ŉ petrolbom? -- Ja, as ek reg onthou was dit.

Wanneer was sy huis aangeval? -- Ek onthou nie wanneer dit was nie.

Thomas Makau, ken u hom? -- Ja, ek ken hom.

Is hy van Bodibeng High School?-- Ja.

Was hy saam met jou in dieselfde klas gewees? -- Nee, ons was saam op die komitee van MASO.

En hy het gewoon in Constantia? -- As ek reg onthou woon hy in Phomolong.

En Paul Maloka, was hy van Bodibeng Hoërskool? -- Ja.

Was hy ook ŉ matrikulant saam met u? -- Nee.

Watter standerd was hy? -- As ek reg onthou was hy in 1985 in St. 9.

1985? -- 1985.

Het hy ook in Phomolong gewoon? -- Ek onthou nie mooi waar hy gebly het nie.

En George Mokonjane, het jy hom geken? -- Ek ken vir

George/...

George Mokotjane wat in Phomolong gebly het en skool gegaan het te Kananelo.

En Prince Modise, het jy hom geken? -- Ja, hy het St. 10 gedoen in 1985 te Bodibeng Skool.

Saam met jou? -- Nie in dieselfde klas nie.

En Sarah Mathabela? -- Sy was in St. 10 in 1985 te Bodibeng en saam met my in dieselfde klas.

En het sy gewoon by Gelukswaards? -- Ja.

Gelukswaards, is dit h plaas of is dit h voorstad? -- Dit is h lokasie.

Watter deel van die lokasie is dit? Is dit in die ou lokasie of waar is dit? -- Dit was h nuwe lokasie, h voorstad van h lokasie wat nog in aanbou was.

George Tau? -- Ek onthou nie van George Tau nie.

Jy weet nie van watter skool hy was nie? -- Ek onthou hom nie.

Daniel George? -- Ek onthou die persoon Daniël George want ek en die persoon was in dieselfde klas gewees sedert 1982 tot en met 1984. Dit was vir drie jaar.

HOF : Is hy uit die skool uit? -- Nee.

MNR. JACOBS : Wat het toe van hom geword? -- In 1984 het hy gedop in St. 9 en ek was toe gepromiveer na St. 10 toe.

En 1984 en 1985 was hy nog daar in die skool gewees, maar nie meer in dieselfde klas as jy nie? In Bodibeng Skool? -- Ja.

En was Mokete Mangope ook van Bodibeng Skool? -- Dieselfde geld vir Mokete Mangope net soos George. Ons was saam in dieselfde klas vir drie jaar, maar toe ons nou by St. 9 kom het hy ook gedop.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : So, hulle was in 1985 altwee

nog/...

nog in St. 9? -- Ja.

MNR. JACOBS : Nicolaas Matsepe? -- As ek reg onthou was ek en Nicolaas Matsepe saam in die klas gewees in St. 8 en 9. Dit is twee jaar.

En het hy gedop toe? -- Ja, as ek reg onthou.

In 1985 was hy nog in Bodibeng Skool? -- Ja.

En Gerald Mofokeng? -- Hy was ŉ lid in MASO komitee, maar hy was op skool te Kananelo.

Onthou jy in watter standerd was hy in 1985? -- Nee, ek onthou nie.

En Wilfred Makate? -- Hy woon in Maokeng en hy ken my mense baie goed by die huis.

In watter skool was hy? -- Nee, dit was ŉ ouerige persoon.

Alexander ... (Mnr. Krugel kom tussenbei)

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Ekskuus tog, voordat ons van Wilfred af weggaan. Jy sê dit is ŉ ouerige persoon. Wat bedoel jy? -- Daarby bedoel ek al die ander mense waarvan ons gepraat het was nog skoliere. Hy is ŉ persoon wat in daardie tydperk al gewerk het.

So, hy is nie ouerig nie. Hy is ŉ jong mens wat al werk soos uself op die oomblik? -- Ek sê hy is ŉ ouerige persoon as gevolg van sy ouderdom.

HOF : Hoe oud sê u is hy? -- Ek skat hom veertig.

MNR. JACOBS : Alexander Qokolweni? -- Ek ken ŉ Alexander Qokolweni nie, na a nie.

HOF : Ja, dit is wat ons het. -- Ek ken hom. Hy was op skool gewees te Bodibeng.

MNR. JACOBS : Dieselfde tyd as jy? -- Ja.

En was hy dieselfde tyd as jy ook in matriek? -- Ek was nie saam met hom in dieselfde klas gewees nie. Ek kan

nie/...

nie onthou watter standerd hy gedoen het nie.

Ek wil dit aan u stel dat hierdie name wat ek nou hier genoem het en waarvan u die persone herken het, is saam met jou, was hulle almal leerlinge wat COSAS se bestuur uitgemaak het gedurende Februarie 1985? -- Dit is nie so nie.

En dit is daarom dat jy ook in hierdie dokument wat ons netnou ingehandig het sê dat "my school organisation is COSAS" in BEWYSSTUK CA28? -- Ek gaan terug na my antwoord toe. Toe ek hierdie goed geskryf het daar het ek dit geskryf volgens hoe dit mekaar volg. Nie dat ek enigeen van die goed ondersteun nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Dit is nie vir my duidelik wat u met hierdie antwoord bedoel nie. -- Ek het gesê vroeër in my antwoord dat ek die goed vir myself geskryf het en ek het dit geskryf volgens hoe ek dit in die koerantberigte gesien het. Ek het die volgorde gevolg soos dit voorgekom het.

Maar in watter koerante het u dit gelees? -- Verskillende koerante wat ek in 1985 gelees het byvoorbeeld kry ŉ mens ŉ koerant wat ŉ berig het oor die ANC. As jy verder gaan kry jy dat daar melding gemaak word van COSAS.

Maar kan u spesifiek wees, watter koerant het u gelees? -- Koerante wat ek in 1985 gelees het was die volgende: City Press, Sowetan, Volksblad, die Beeld en Rapport.

Het u in ŉ koerant gelees "My leader is Mandela, my school organisation is COSAS"? -- Nee, dit is wat ek verduidelik. Ek het koerantberigte gelees waar iets gesê word byvoorbeeld van Mandela en van COSAS. Ek het dit geskryf asof ek nou ŉ besluit moet neem. Nou sê ek "My leader is Mandela" as ek dit moet besluit en my organisasie op skool sal wees COSAS. Dit is hoekom ek sê "My school organisation

is/...

is COSAS."

Het u net in 1985 koerante gelees of het u vantevore ook koerante gelees? -- Ek het koerante vantevore gelees. Dit is voor 1985, die meeste Afrikaanse koerante. In die loop van die tyd het dit toe gekom dat ek beide Engelse en Afrikaanse koerante begin lees het.

HOF : Maar waarom skryf u oor die internasionale politiek? -- Dit is dinge wat ek gesien het wat in hierdie koerantberigte vervat was. Of dit nou internasionale politiek was of nie, het ek nie veel op ag geslaan nie.

Dit lyk amper asof dit ŉ soort toespraak, voorbereiding vir ŉ toespraak is waarvan die punt is dat die herropeing van ambassadeur Nickel deur die Verenigde State onvoldoende is, daar moet meer gedoen word?-- Ek verstaan u punt, maar soos ek sê ek het van hierdie goed gelees in die koerante en ek het aanvaar dit is dinge waarvan ŉ mens in die koerante gelees het en dit is ŉ opmerking wat ek maak daaromtrent.

MNR. JACOBS : Hoekom het u COSAS gekies as u skoolorganisasie? -- Soos ek alreeds gesê het, daar was nie organisasies gewees op skole nie, maar melding was gemaak van COSAS wat dan die organisasie was van skole by daardie tyd. Dus omdat dit die geval was op daardie tydstip, het ek dit so geskryf.

Wat van COSAS het jy ondersteun by daardie tyd toe jy dit geskryf het? -- Dit was toe COSAS SRC wou gehad het.

Nog redes hoekom u dit gekies het? -- Daar is niks anders nie, want soos ek alreeds gesê het, ek het goeie kennis hiervan gekry na dit verban was.

Jy sien, hoekom ek dit vir u vra is, jy het vanoggend toe ons begin het met die kruisondervraging, gesê jy het eers in Oktobermaand uitgevind wat is die doelstellings van

COSAS/...

COSAS. So, u is nou besig om vir die hof leuens te vertel? -- Ek het hier gesê dat by vergaderings van ons, daar is ʼn vergadering waar melding van COSAS gemaak was, maar by daardie tyd het ek nog nie duidelikheid gehad oor COSAS nie. Eers na dit verban was, het ek ʼn bietjie meer duidelikheid gekry.

Dit is reg. U het eers in Oktobermaand uitgevind dat dit een van die doelstellings van COSAS was dat daar SRC's moet wees? -- Ek het eers daarvan begin hoor toe dit genoem was by een van ons vergaderings dat daar ʼn grondwet was van COSAS wat ge"draft" is.

Was u getuienis nie - stem u nie saam dat u getuienis was u het nie daardie konsep grondwet gesien nie, daar is nie gesê wat daarin staan nie, niks nie? -- Ek het gesê melding was gemaak van die grondwet wat betrekking gehad het op die SRC. Dit was ʼn "draft" grondwet in die besit van COSAS. Nie dat dit COSAS se grondwet was nie. Dit was bedoel vir die SRC.

Ek wil dit aan u stel u is nou heeltemal in die hoek gedryf, nou kom u met hierdie storie en die feit is dat u het al die tyd geweet van die SRC's omdat al die tyd was u op die bestuur as tesourier van COSAS? -- Nee, die is nie so nie. Ek was wel die tesourier van die organisasie MASO.

Was MASO se tesourier nie gewees Letsego Tshehare nie? -- Ek kan nie onthou wat hy gedoen het nie. Wat ek wel kan onthou is dat ek gekies was as ʼn tesourier van MASO.

Was hierdie ander persoon wat ek genoem het Letsego, gekies op die bestuur van MASO? --. Wat ek kan onthou is dat Letsego Tshehare teenwoordig was in die vergadering van MASO, maar wat sy pligte daar was, weet ek nie.

Die/...

Die tien mense wat gekies was, laat ons dit nou kort en saaklik vat, wat u nou genoem het en waarvan u nie die name genoem het nie, hy was een van die mense wat gekies was? -- Ek sê sy was gekies op die komitee van MASO. Wat haar pligte daar was, kan ek nie meer onthou nie.

HOF : Is dit ŉ vrou? -- Dit is ŉ vroumens.

K1207 MNR. JACOBS : Daar in Kroonstad se woonbuurtes is daar die onderwyskollege. Is dit reg? -- Ja.

En hulle het ook ŉ organisasie daar gehad AZASO? -- Daarvan weet ek nie.

Is dit nie so dat julle in COSAS, jy wat in COSAS was en die bestuur van COSAS en AZASO het goed saam gewerk met die organisasie in die hele woonbuurt nie? -- Wat ek wel kan sê is dat ons by die organisasie van MASO het niks te doene gehad en nêrens byeen gekom met hierdie organisasie wat u nou noem AZASO nie.

Het u ooit gehoor van ŉ organisasie soos AZASO? -- Ja, ek het in die koerante daarvan gelees.

En is dit nou in hierdie gemeenskapskoerante of in watter koerante? -- City Press, Sowetan.

En in hierdie gemeenskapskoerante soos Speak en SASPU National? -- Miskien in die SASPU National het ek moontlik daarvan gelees.

Wat se organisasie was AZASO? -- Al wat ek kan sê oor AZASO is dat dit staan vir Azanian Students Organisation.

En dat dit bestaan het op die kampusse van kolleges en die universiteite? -- Waar dit bestaan en werk is waarvan ek nie seker is nie.

Het jy geweet dat dit ŉ organisasie is waar meestal die swartstudente in kolleges en universiteite aan behoort

het/...

het? -- Dit kan ek nie antwoord deur te sê ek weet of wat nie. Dit is nie ŉ ding waarin ek eintlik veel belang gestel het nie.

HOF : Wat doen u na matriek? -- Ek het by die kantoor gewerk van die "Advice office" waar mense gehelp word met die blou kaart en mense wat sukkel om pensioengelde te kry en ander probleme. Byvoorbeeld, ek kan maar so sê, die meeste van die tyd het ek daardie werk gedoen, maar dit het ek gedoen van my huis af.

MNR. JACOBS : Is dit ŉ kantoor van die Black Sash waar jy gewerk het? -- Ek het die opleiding en ervaring van hierdie werk by die Black Sash se kantore gekry.

Wie vir jou salaris betaal? -- Dit was gesê dat daar nog gereël word om geld te verkry dat ek betaal kan word vir die werk wat ek doen, maar omdat ek geweet het dat daar nog nie geld was om my te betaal nie, het ek net gewerk sonder enige betaling.

HOF : Dit is nou vir drie jaar lank, twee jaar lank? -- Ek het my opleiding ondergaan en in 1986 eers klaargemaak. Daarvandaan het ek sonder betaling gewerk.

MNR. JACOBS : Die mense wat u sou betaal het, sou dit die Black Sash gewees het as hulle genoeg geld gekry het? -- Dit sal ek nie weet nie. Net die mense wat my gestuur het dat ek daardie soort opleiding moet ontvang, sal weet wie die mense is wat veronderstel is om my te betaal.

Wie het jou gestuur vir die opleiding? -- Dennis Ntombela en Sidney Zothwane.

Wie is hulle? -- Een van hulle was my onderwyser gewees in 1985 en die ander een was die hoof van die skool van Bodibeng in 1985.

Was/...

Was hulle nog in 1986 daar onderwyser en skoolhoof? -- Die hoof, die prinsipaal was nie meer in 1986 daar nie. Hy het die werk gelos, maar die onderwyser was nog steeds daar gewees.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Wie was die prinsipaal? -- Sidney Zothwane.

MNR. JACOBS : Watter organisasies het hulle aan behoort wat jou gestuur het na hierdie opleiding toe by die Black Sash? -- Hulle was van Maokeng Self-Help Project.

Wie gee vir u kos en klere? Kyk die klere wat u aangehad het elke dag, netjiese klere, duursame klere? Waar kry u dit as u nie ŉ inkomste het nie? -- My oupa sowel as my moeder is die twee persone wat na my kyk, dit wil sê meeste van die dinge wat ek het, word deur hulle voor betaal.

Is hulle pensioenarisse? -- Nee.

Wat werk hulle? -- My oupa werk by die Munisipaliteit en my ma is in diens as ŉ huisbediende.

U sien, ek wil dit aan u stel dat julle en COSAS het saam gewerk in die organisasie van die jeug daar en u het ook daardie inligting aan SASPU National verskaf, onder ondere ook dat die huise van mense van COSAS daar in daardie gebied met petrolbomme gegooi was? -- As dit gesê word oor SASPU kan ek nie onthou dat ek iets te sê gehad het of enige inligting aan die koerante gegee het nie.

Ek wil u verwys na hierdie bewysstuk, BEWYSSTUK AAC55. Dit is ŉ SASPU National. Ons het reeds na hom verwys van Maart 1985. Die eerste bladsy die laaste kolom, die vyfde paragraaf. Dit begin met die woorde "Meanwhile COSAS youth and UDF activists' houses in Soweto, Welkom and Kroonstad have been fire-bombed." Enige kommentaar daarop dat

daar/...

daar "houses" was wat "fire-bombed" was? -- Ek het ŉ berig gelees in die Star koerant waarin gesê was dat die huise wat aangeval was, was huise van lede van COSAS en iets was toe verder daar by gesê wat ek verder gesê het.

HOF : Was dit vals? -- Ja, dit was, want ek was eintlik verbaas wie die persoon is wat dit in die koerante lees skryf het.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Watter koerant het u gelees? -- Die Star.

HOF : Wat sou u gesê het? -- Wat daar gesê was in die koerant is dat ek sê ons het voetstappe van mense buite die huis gehoor, die volgende ding is dat die huis aan die brand geslaan het. Toe ons uitgegaan het om ondersoek in te stel wat dit veroorsaak het, het ons gesien dat ŉ voertuig in my huis se nabyheid weggetrek het.

MNR. JACOBS : Wanneer se Star was dit gewees? -- Ek kan nie onthou wanneer se Star dit was nie. Al wat ek kan onthou is dat na die voorvalle was hierdie berig in die Star vervat.

HOF : Maar nou, was daar ŉ huis aangeval waarin u was of was daar nie ŉ huis aangeval waarin u was nie? -- Toe ek wakker geword het, het ek gevind dat die huis reeds aan die brand is.

Wie se huis was dit? -- Dit is die huis waar ek woon by my oupa en my ouma se huis.

En wanneer was dit? -- Dit was 23 Oktober.

1985? -- Ja.

En is in daardie berig gesê dat dit ŉ COSAS huis was? -- Volgens die berig was daar drie huise gewees wat aangeval was en volgens die berig verder was dit gesê dat daardie

huise/...

huise COSAS mense se huise was.

MNR. JACOBS : Watter twee ander huise was aangeval volgens die berig? -- Een van Mbi se huis en die ander een was Khotso se huis.

Was hulle lede van julle komitee gewees, MASO? -- Nee, hulle was nie.

Het u 'n onderhoud gehad met die koerantmense? -- Nee.

Het hulle nie met u kom praat nie? -- Nee.

Het u hulle self gekontak? -- Nee, ek het nie.

Het jy voetstappe gehoor die nag daar toe u uitgevind het die huis is aan die brand? -- Soos ek sê, toe ek wakker word, toe was die huis al aan die brand. So, ek kon nie voetstappe gehoor het nie.

Het daar 'n kar weggetrek? -- Ek het dit nie gesien nie.

Ek wil nou net teruggaan na hierdie ander aspek toe. Hierdie is 'n gebeure wat voor Maart 1985 plaasgevind het wat hier na verwys word as die huise wat daar gebrand was in AAC55? -- Ons huis het aan die brand geslaan op 23 Oktober 1985.

Wat sê u van hierdie berig dat daar voor Maart 1985 huise aan die brand geraak het deur petrolbomme? -- Dit kon nie my huis gewees het nie. Dan praat hulle van ander huise wat aan die brand was, maar ek kan nie onthou van ander huise op daardie tydstip nie.

Gaan dan na bladsy 4 toe van dieselfde dokument, onder die opskrif "Free State township's rage" kolom 1 vanaf die derde laaste paragraaf op daardie kolom "In Kroonstad." Dit lees "In Kroonstad COSAS and AZASO students from three high schools and the training college formed a joint organisation to fight for democratic SRC's, but soon after they

had/...

had drafted their demands and distributed pamphlets, police intervened. Many student leaders were detained. At least four people killed and scores injured. The house of local UDF committee member Dennis Bloem was petrol-bombed and he was later detained. COSAS members' homes in Welkom, Kroonstad and Soweto were also bombed." Ek wil dit aan u stel in hierdie gemeenskapskoerant is ŉ koerant of ŉ publikasie waar u inligting verskaf het aan hierdie mense? Dat dit korrek is dat COSAS en AZASO en die hoërskole daar het saam gewerk. -- Soos ek alreeds vroeër gesê het, ek het nog nooit met die koerantmense enige onderhoud uitgevoer nie.

Watter drie hoërskole is daar wat in daardie woongebiede is? -- Ek weet net van twee hoërskole in Kroonstad. Ek weet nie van ŉ derde een nie. Dit op sigself wys vir u dat die persoon wat daar geskryf het het nie ŉ goeie kennis gehad van wat daar gebeur nie.

Die persone wat dood is wat begrawe is Matches en die ander persoon, in watter skole was hulle? -- Matches was bekend in Maokeng Higher Primary. Makhoko het ek alreeds gesê kan ek nie met sekerheid sê nie, maar as ek reg is, was hy in Phomolong Higher Primary.

Sal u saamstem dat albei van hulle is op 11 Februarie 1985 in die onluste in Seeisoville dood? -- Daar is niks waarmee ek kan saamstem behalwe dat ek kan sê aangaande Matches dat ek gehoor het dat daar een persoon op dié dag gedood is.

U sien, ons het getuienis in hierdie hof gehad en dit was nooit betwis gewees nie dat daar twee persone die dag gesneuwel het die dag of hulle lewe verloor het in die skermutselinge tussen die studente of die leerlinge en die

polisie/...

polisie toe die besighede aan die brand gesteek is en aangeval is? -- As daar sulke getuienis is, is dit wat gesê was deur daardie persoon. My getuienis is dit wat ek alreeds hier vir die hof vertel het.

En as dit so is dat daardie twee persone in die onluste gedood is, dan moet jy saamstem dat die skoolkinders van hierdie twee skole waar hulle was het ook deelgeneem aan die opmars of wat julle dit ook al wil noem wat die dag plaasgevind het? -- Volgens wat ek daardie dag gehoor het oor die eerste persoon wat dood is, hierdie persoon was nie van die skool af nie. Dit was al laat in die dag toe die persoon op geskiet was.

Wanneer het jy h verklaring gemaak? -- Ek het h verklaring verlede jaar gemaak.

Nie in 1986 nie? -- h Verklaring wat ek gemaak het wat betrekking het op die getuienis waarvan ek nou hier in die hof praat, het ek verlede jaar gemaak.

Wat se gesamentlike organisasie is toe in die lewe geroep in Kroonstad? -- Die enigste organisasie waarvan ek weet in Kroonstad is die een van MASO wat deur die hoërskool-kinders begin is.

Is mnr. Bloem - dra jy kennis daarvan dat sy huis toe - dat h petrolbom op sy huis gegooi was en dat hy toe daarna aangehou was? -- Ek het in die Star koerant gelees aangaande die brand van sy huis.

Wanneer het jy dit gelees? In dieselfde tyd wat jy dit ook sou gesê het? -- As ek reg onthou was dit voor dit.

Is dit korrek dat hierdie organisasie MASO waarna u verwys is gestig op 21 Maart 1985? -- Ek onthou nie die datum waarop dit gestig is nie.

Toe/...

Toe hy nou amptelik tot stand gekom het? -- Dit sal ek nie so goed onthou nie, want as ek reg onthou, toe ek die vergadering van MASO bygewoon het, het dit alreeds bestaan.

En is dit nie reg dat voor daardie datum van 21 Maart 1985 het daar ŉ tussentydse komitee bestaan wat moes werk om dit tot stand te bring nie? -- Dit sal ek nie kan getuig nie.

Hoe sal u dan nie kan getuig nie? Jy het ook mos op daardie tussentydse bestuur gedien? -- Ek was nie by die komitee wat u van praat nie. Ek was by die komitee gewees waar die skoolkinders genooi was wat toe bygewoon was net deur vyftig skoliere.

Wie het daardie - laat ek dit eers so kry. Van wanneer af het MASO bestaan daarso, of hy nou tussentyds was en voordat jy ook verkies was soos jy nou sê op daardie vergadering? Van wanneer af het hy bestaan voor dit? -- Wanneer dit tot stand gekom het sal ek nie kan sê nie, maar dat ek meer daarvan geweet het, was na die gebeure wat plaasgevind het dat ek meer van die bestaan van MASO toe geweet het.

HOF : Watter gebeure? -- Die gebeure wat ek van praat is dié van die 11de. Soos ek alreeds gesê het, ons het weggebly van die skool af vir ŉ tydperk van twee of drie weke. Eers na daardie tydperk toe ons teruggekeer het skool toe, het ek meer daarvan begin weet.

MNR. JACOBS : So, op 11 Februarie 1985 toe het jy alreeds geweet van MASO maar nie veel nie? -- Op daardie tydstip van die 11de het ek glad nie daarvan geweet nie, nie eers ŉ bietjie nie.

Maar nou-nou het jy gesê jy het meer geweet na dit, na die 11de? -- Ek het nie daarby bedoel dat ek iets vantevore geweet het en meer geweet het daarna nie.

Wie/...

Wie is die mense wat amptelik daar georganiseer het om MASO tot stand te kon bring? --

MR BIZOS : Confusion is going to come about. In answer to your lordship the witness said that she heard - she was invited to this meeting where fifty people turned up. In answer to your lordship she understood that it had already come into existence. Unless that is made clear to the witness, we are going to have working up contradictions, where contradictions do not in fact exist.

MNR. JACOBS : Ek verstaan eintlik nie wat mnr. Bizos se beswaar is nie.

HOF : U vrae is wie organiseer om MASO te stig en die getuie het al vantevore vir my gesê die ding was in wese toe sy hom teëkom, toe sy van hom hoor. U vraag het te doen met ŉ deel wat sy nie van weet nie.

MNR. JACOBS : Ek sal dit dan liewers so stel. Die vergadering waarna julle toe genooi was, vir watter doel was julle genooi? -- Volgens wat ek verstaan het was dit ŉ vergadering waar skoolkinders ingelig sou geword het van wat MASO is, oor MASO en by dieselfde vergadering sou hulle dan ŉ tydelike komitee gekies het vir die skoolkinders.

So, met ander woorde, daar sou dan daar ŉ komitee gekies word? -- Terselfdertyd verduidelik aan die kinders oor MASO.

Ja, maar dan sou daar ŉ komitee gekies word en MASO tot stand gebring word of wat se komitee sou nou gekies word? -- Dit sou ŉ tydelike komitee gewees het wat die studente sou verteenwoordig het, want die doel van MASO sou gewees het dat hulle die organisasie, die studente verteenwoordig in wat ook al te doene het met die studente. Maar alvorens die stigting, sou daardie komitee dan opgetree het namens die

studente/...

HOF : Kan ek net duidelikheid kry. Was MASO ħ organisasie wat tot stand gekom het by Kananelo Skool sover u kon agterkom en toe nou oorgewaai het na julle skool toe? -- Nee, MASO sou ħ organisasie gewees het wat te doene het met hierdie twee skole, maar omdat ons nog nie geweet het wat alles MASO sou doen as ħ liggaam namens die skoolkinders nie, sou dit verduidelik word by hierdie vergadering waar die skoliere genooi was om dit by te woon.

Ek het van u verstaan dat die organisasie ħ ding is wat bestaan het voor daardie vergadering? Nou wil ek dit by u waar het dit bestaan? -- As ek reg onthou het ek in antwoord hierop gesê dit het vir my voorgekom asof hierdie organisasie alreeds bestaan het op die tydstip van die uitnodiging na die vergadering, al het ek nie geweet presies waar hierdie organisasie bestaan nie.

MNR. JACOBS : Is daar op hierdie vergadering toe die komitee gekies is - ek vind dit nou ħ bietjie moeilik - en waarop u self verkies was, op daardie vergadering, is dit gerapporteer terug dat daar ħ aksiekomitee was of dat daar enige ander komitee was wat gewerk het tot hierdie besondere dag? -- In hierdie vergadering, wat gesê was was dat daar is ħ organisasie wat alreeds gestig is met die naam van MASO. Dit is hoe ek hierdie afleiding gemaak het dat as daar ħ organisasie gestig is, beteken dit dat die organisasie iewers bestaan en dit was toe verder gesê dat hierdie organisasie het te doene met die organisasie se probleme.

Kan u vir ons sê, op die dag van die vergadering wat u bygewoon het, is daar ħ komitee gekies vir MASO, ħ bestuur gekies vir MASO? -- ħ Komitee is gekies en die se pligte was om skoolkinders van die bestaan van MASO te gaan inlig.

Kom/...

-- Kom ons kry dit net. Die bestuur, het hulle al die sake van MASO behartig en die voorsitter was George Mgojane van Kananelo Skool? -- Ja.

En hy was van Kananelo Skool? -- Ja.

En hy was op daardie vergadering verkies as die voorsitter? -- Ja.

Die onder-voorsitter was Thomas Makau? -- Ja.

Van Bodibeng Skool? -- Ja.

En die organiseerder was gekies as Prince Modise? -- Ja.

En hy was ook van Bodibeng Skool? -- Ja.

En die sekretaresse was gewees Sarah Mathabela? Sy was van Bodibeng Skool? -- Ja.

En die tesouriere was Letsego Tshehare? -- Ja.

En die lede wat gekies verder was Isaac Moahlodi? -- Ek kan hom nie onthou nie.

En jy self was gekies op daardie vergadering as ŉ lid van die komitee? -- Ja.

En David Matsepe was gekies gewees as ŉ lid? -- Ek onthou van David Tsotetsi. Ek weet nie van David Matsepe nie.

En die ander een is Leslie Helepi? -- Ja.

En Nketsi Kopang? -- Kopung.

En dit is die bestuur wat gekies is wat al die sake van MASO moes behartig? -- Dit was die mense wat gekies was om terselfdertyd uit te gaan om vir die skoolkinders te sê van die bestaan van MASO en vir hulle sê wat MASO was.

En ook om die vergaderings elke drie weke te hou? -- Ja, om verslag te doen oor wat hulle gedoen het in daardie tydperk.

Voordat hierdie bestuur hier gekies is, as ek nou net

duidelikheid/...

duidelikheid kan kry, want mnr. Bizos het nou beswaar gemaak, wat het bestaan voor dit wat die sake behartig het van MASO? -- Iets in die lyn van h komitee of wat?

HOF : Is dit h vraag of h antwoord? -- Dit is h vraag. Ek verstaan nie die vraag nie.

MNR. JACOBS : My vraag is, wie het MASO se sake voor hierdie dag voor die komitee gekies is behartig? Was dit h ad hoc komitee, was dit h stigterskomitee of h komitee, h aksie-komitee wat moes werk vir die ding? Wat het bestaan voor dit? -- Nee, dit weet ek nie.

Kan jy net vir ons sê, toe die vergadering begin het, voordat julle h nuwe komitee gekies het, wie het opgetree as voorsitter daar en wie was die man wat die notule gehou het daar? -- Ek sal hom nie beskou as h voorsitter nie, maar hy het die leiding gehou van hierdie vergadering. Dit was George Mgojane. Die persoon wat daar opgetree het as die sekretaris wat notule gehou het, was sommer so daar tussen die mense gekies by die vergadering.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Wie was dit? -- Ek kan nie meer onthou wie dit was nie, maar dit was h manspersoon.

HOF VERDAAG TOT 7 MAART 1988.

Historical Papers, Wits University

DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989

*PUBLISHER:*
*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**

*LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

*DOCUMENT DETAILS:*

*Document ID:-* **AK2117-I2-32-359**
*Document Title:-* **Vol 359 p 20618-20650. Witness: Sebetoane**

http://www.historicalpapers.wits.ac.za/admin/cms_header.php?did=3352[2009/07/23 10:28:24 AM]